

# Lekkerbekkie Nuusbrief

6 MEI 2015 | UITGAWE 98



## Inhoud:

- \* Kinderstorie: Die worteltjie wat nie geëet wou word nie
- \* Produk van die week: Seerower Piet CD
- \* Inkleurprentjie

**annaemm**  
kinderstories



Teken in en ontvang elke week 'n gratis *Lekkerbekkie Nuusbrief*: [lekkerbekkie@annaemm.co.za](mailto:lekkerbekkie@annaemm.co.za)

## Die worteltjie wat nie geëet wou word nie deur Corlie Putter

Eendag was daar 'n worteltjie wat saam met die ander groente in die groentetuin gewoon het. Elke oggend pluk die boer van die groente en vat dit mark toe. "Hoekom gaan daardie groente mark toe?" vra die worteltjie.

"Sodat die mense hulle kan koop en kan eet," antwoord 'n groot radys.

Die worteltjie se ogies rek. "Ek wil nie geëet word nie!" roep hy benoud uit.

Daardie aand toe al die groente slaap, sluip die worteltjie saggies by die groentetuin uit en hardloop só ver weg as wat sy wortelblaartjie-beentjies hom kan dra!

Na 'n rukkie is die worteltjie moeg van die hardloop, en hy besluit om eers 'n bietjie te rus. Hy gaan lê onder 'n boom, maar voor hy sy ogies kan toemaak sien hy 'n hasie wat vir hom sit en loer.

"Sjoe!" sê die worteltjie verlig. "Ek het gedink jy is 'n mens! Mense eet wortels soos ek! Gelukkig is jy net 'n hasie..." Die hasie antwoord hom nie. Hy lek net sy honger lippies af en hop 'n bietjie nader aan worteltjie!

Net toe die hasie na die worteltjie wil HAP, spring die worteltjie op en strek sy armpies. "Dit is tyd dat ek aanstap" sê hy, en draf verder in die voetpaadjie af. Die hasie sug. Hy was lus vir daai soet worteltjie! Nou sal hy maar aan 'n stukkie gras moet kou...

'n Entjie met die voetpaadjie af kry die worteltjie 'n donkie wat aan die grassie staan en kou. "Weet jy dalk waar ek vanaand kan slaap?" vra die worteltjie, en hy gaap. Die donkie lek sy lippe af. "Jy lyk baie moeg," sê hy. "Kom spring in my bek - dan dra ek jou."

Voor die worteltjie kan antwoord, tel 'n mense-dogtertjie hom aan sy blaartjies op!

"Moenie my eet nie!" gil hy kliphard, en knyp sy ogies toe.

"Ek wil jou nie eet nie," lag die dogtertjie. "Ek red jou, want daai donkie wou jou eet! En as jy hier bly, gaan my mamma jou verseker vang en gaarmaak vir aandete. Dan moet ek jou eet, en ek hou GLAD nie van worteltjies nie! Toe, maak dat jy wegkom, en gou!"

"Dankie!" roep die worteltjie verlig toe sy hom op die grond neersit. Hy groet, en hardloop dadelik terug na die groentetuin. Hy kan nie wag om vir die ander die ander groente te gaan vertel dat hulle die hele tyd verkeerd was nie. Mense hou nie van wortels nie!

Verdien 'n ekstra inkomste in 2015 deur 'n agent te word vir Anna Emm se kinderstorie-produkte!  
Kontak [lekkerbekkie@annaemm.co.za](mailto:lekkerbekkie@annaemm.co.za) vir meer inligting of besoek [www.AnnaEmm.co.za](http://www.AnnaEmm.co.za)

Produk van die week

## Ons gewilde Seerower Piet-stories nou ook in Engels!

Het jy geweet die skrywer van ons Lekkerbekkie-stories, Anna Emm, het al meer as 2000 Afrikaanse kinderstories vrygestel? Meeste van hierdie stories is op CD opgeneem deur bekende name soos Gys de Villiers, Anrich Herbst, Anna-Mart van der Mewer, Diaan Lawrenson en Vicky Davis! Lekkerbekkie Tydskrif is 'n produk van ANNA EMM (PTY) LTD – tans die grootste vervaardiger van kinderstories in die land. Besoek [www.AnnaEmm.co.za](http://www.AnnaEmm.co.za) vir 'n volledige katalogus.

**SEEROWER PIET EN DIE SEUNTJIE is beslis een van ons heel lekkerste stories! En dit is dan waarom ons besluit het om dit in Engels ook beskikbaar te stel. Hierdie week kan Engelse én Afrikaanse maatjies saam luister na hierdie vier lekkerluister-stories op CD.**

*Koop die "Seerower Piet" storie-CD in Afrikaans OF Engels vóór 11 Mei, en betaal slegs R80! Gewone prys R95 - spaar R15 per CD - by enige AnnaEmm agent – of bestel direk by ons teen die gewone prys. Kontak [agente@annaemm.co.za](mailto:agente@annaemm.co.za) vir 'n agent in jou area.*

**Seerower Piet se stories**  
*from the best*  
**...nou ook in Engels beskikbaar!**

**Hierdie week slegs R80 elk!**  
Gewoonlik R95  
Spaar R15 per CD!

Toe Casper die kleintjie Seerower Piet se skat steel, is daar net één ding om te doen. Hy moet die skelm vang, en sy skat terugkry! Maar Seerower Piet weet nie van die seuntjie wat op sy skip wegkruip nie... 'n seuntjie wie maar alle graag sáám met hom op sy avontuur wil gaan!

**Vier lekkerluister AnnaEmm-stories op CD!**  
Nou ook in Engels as "Pirate Pete"!

**annaemm**  
kinderstories


**Kontak 021 930 0908 | [lekkerbekkie@annaemm.co.za](mailto:lekkerbekkie@annaemm.co.za) vir 'n agent in jou area!  
Aanbod sluit 11 Mei 2015.**

**Word 'n Anna Emm storie-agent in 2015!**

As jy belangstel om self 'n agent vir Anna Emm se kinderstories te word, kontak [agente@annaemm.co.za](mailto:agente@annaemm.co.za) | 021 930 0908

Gratis inkleurprentjie

Die worteltjie wat nie geëet wou word nie **illustrasie deur Elanie Bieldt**



Verdien 'n ekstra inkomste deur 'n agent te word vir Anna Emm se kinderstories-produkte!  
Kontak [lekkerbekkie@annaemm.co.za](mailto:lekkerbekkie@annaemm.co.za) vir meer inligting of besoek [www.AnnaEmm.co.za](http://www.AnnaEmm.co.za)